

**Titel:**            **Wie's Jou Pappa?**  
**Spreker:**       **Phillip Boshoff**  
**Datum:**         **31 Januarie 2010**  
**Tyd:**            **09:00**



#### **'n Groot afwagting**

##### **Romeine 8:19-22**

<sup>19</sup>Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. <sup>20</sup>Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het <sup>21</sup>in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God. <sup>22</sup>Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensood is tot nou toe.

##### **Romeine 8:19-22 (NV)**

<sup>19</sup>Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. <sup>20</sup>Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: <sup>21</sup>die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlijkheid waaraan die kinders van God deel sal hê. <sup>22</sup>Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.

#### **Slaaf of kind?**

##### **Galasiërs 4:1-7**

<sup>1</sup>Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; <sup>2</sup>maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal. <sup>3</sup>So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. <sup>4</sup>Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, <sup>5</sup>om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. <sup>6</sup>En omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! <sup>7</sup>Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

#### **Kenmerke van kinders**

##### **1: Kinders ken die pad**

###### **Romeine 8:14**

<sup>14</sup>Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

###### **Jesaja 30:21**

<sup>21</sup>en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.

##### **2: Kinders wandel in vryheid**

###### **Romeine 8:15**

<sup>15</sup>Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

###### **2 Korinthiërs 3:17**

<sup>17</sup>Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.

##### **3: Kinders is vreesloos**

###### **Romeine 8:15**

<sup>15</sup>Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

#### **4: Kinders is vredemakers**

##### **Mattheus 5:9**

<sup>9</sup>Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

#### **5: Kinders is erfgename**

##### **Romeine 8:16-17**

<sup>16</sup>Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; <sup>17</sup>en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

##### **Galasiërs 4:6-7**

<sup>6</sup>En omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! <sup>7</sup>Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

#### **A. Glo in Hom**

##### **Galasiërs 3:26-27**

<sup>26</sup>Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; <sup>27</sup>want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.

#### **B. Het hom aangeneem**

##### **Johannes 1:12-13**

<sup>12</sup>Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; <sup>13</sup>wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

#### **C. Is gedoop**

##### **Galasiërs 3:26-27**

<sup>26</sup>Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; <sup>27</sup>want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.